



Afrikaans

WEEK 3

MAANDAG

Graad 5

Idioom

Leer die idioom en sy betekenis en skryf dit 3 keer uit.

Idioom: Sy is daar 'n vis op droë grond.

Betekenis: Sy is baie ontuis.

Die sleutelwoord is onderstreep.



Spel

Leer nou die 10 woorde en vra vir Mamma of Pappa om jou woorde vir jou te vra.

- 1) onstuitbare
- 2) watermassa
- 3) slagoffers
- 4) daklose
- 5) verswelg
- 6) ordelik
- 7) tsoenami
- 8) aardbewing
- 9) aardskudding
- 10) vuurtorings

Dink mooi en skryf netjies. Onthou die i se kolletjie en die t se strepie!



Taalleer

HULPWERKWOORDE

(p.68)

TAALFOKUS 2: HULPWERKWOORDE (medewerkwoorde)

Hulpwerkwoorde kom saam met 'n hoofwerkwoord voor en help die hoofwerkwoord sekere vorme uit te druk.

1. Hulpwerkwoorde van tyd:

→ Geen daklose het (hulpwerkwoord plaas sin in die verlede tyd) gekla (hoofwerkwoord in verlede tyd) nie.

2. Hulpwerkwoorde van wyse sê bv. dat iets moontlik of onmoontlik is:

- Hulle **kan/kon** die opruimwerk doen.
- Hulle **sal/sou** die opruimwerk doen.
- Hulle **wil/wou** die opruimwerk doen.
- Hulle **moet/moes** die opruimwerk doen.

TAALFOKUS: WOORDSOORTE

1. Hulpwerkwoorde van tyd

- In die verlede tyd word die hulpwerkwoord "het" gebruik.
bv. Ek **het** die bal geskop.
- In die toekomstige tyd word die hulpwerkwoord "sal" of "gaan" gebruik.
bv. Ek **sal** die bal skop.

2. Hulpwerkwoorde van wyse

Die hulpwerkwoorde druk moontlikheid, waarskynlikheid of wenslikheid uit, bv. Jy **kan** dalk vanmiddag gaan swem.

- Die sin sê dat daar 'n moontlikheid is dat jy gaan swem, maar daar is ook moontlikheid dat jy nie gaan swem nie. Nog hulpwerkwoorde van wyse is **mag**, **wou**, **moet** en **sal**. Hulle word gewoonlik saam met dalk, miskien en moontlik gebruik.

3. Hulpwerkwoorde van vorm

Die hulpwerkwoorde help om die lydende vorm uit te druk, bv.:

- Boeke **word** hieroor geskryf. (teenwoordige tyd)
- Boeke **is** hieroor geskryf. (verlede tyd)



Identifiseer die hulpwerkwoord in elke sin en sê ook watter soort hulpwerkwoord dit is.

- 1) 'n Aarbewing kon die aarde oopskeur.
- 2) Die tsoenami het baie skade veroorsaak.
- 3) Die mense sal weer hul dorpies herbou.

ANTWOORDE

- 1) kon - hulpwerkwoord wyse
- 2) het - hulpwerkwoord van tyd
- 3) sal - hulpwerkwoord van wyse



Stillees die storie “’n Muis met vakansie.” Vertel daarna die storie in jou eie woorde vir Mamma/Pappa/Ouma.

Nadat jy die storie vir iemand vertel het moet jy die vragies daaroor gaan beantwoord.

’n Muis met vakansie (deur Anna Emm)

Gerhard Muis is moeg vir die lewe. Dis baie harde werk om elke dag te skarrel vir kos om te eet, en ’n veilige plekkie om te slaap. Hy voel sommer tam en moedeloos.

“Wat jý nodig het, Gerhard Muis, is ’n vakansie!” sê Erasmus Seemeeu. “Hoekom kom jy nie ’n bietjie saam met my see toe nie? Dis heerlik by die see. Jy sal sien.”

Gerhard Muis dink ’n seevakansie is sommer ’n baie goeie idee! Hy pak haastig sy tassie, en roep na sy vriende: “Julle gaan my vir ’n paar dae nie sien nie, hoor! Ek is nou ’n muis met vakansie!” Hy klim op die seemeeu se rug, en daar vlieg hulle weg. Hulle vlieg ver van die veld waar Gerhard Muis woon, ver van die gesukkel om kos te kry, en die geswoeg om ’n veilige slaapplek te kry. Voor hulle kan Gerhard Muis die blou see sien blink. Op die strand slaan hy sy strandstoeltjie en sy sambreel op, en sit sy groot sonbril oor sy oë vir die son. Maar o liewe land, Gerhard Muis het net net mooi lekker gesit en vakansie hou, toe grom sy maag vreeslik hard. Hy is honger, want hy het lanklaas geëet.

“So wat is hier om te eet by die see?” vra hy vir Erasmus Seemeeu.

“O, die heerlikste lekkernye wat jy nog gesien het!” sê Erasmus Seemeeu en hy wys vir Gerhard al die vrot aas, dooie visderms en grillerige slakkies wat die seevoëls so graag eet. Maar Gerhard Muis kan dit glad nie eet nie. Dit laat sy maag draai. Hy soek toe maar die hele strand vol na saadjies en grashalmpies, maar kry niks. Toe dit donker word, is hy nog steeds honger.

“Nou waar kan ’n mens slaap hier by die see?” vra hy vir Erasmus Seemeeu.

“O, dis net die beste van alles!” lag Erasmus Seemeeu, en hy wys vir Gerhard waar hy saans saam met die ander seemeeue op die rotse in die wind slaap. Maar die rotse is koud, en Gerhard Muis se voetjies gly. Hy val amper in ’n skeur, die wind waai hom amper om, en die branders slaan hom amper van die rotse af in die see! “Nee wat,” beweer hy die volgende oggend, “hierdie see-vakansie is nie vir my nie. Ek dink ek gaan eerder terug huis toe waar ek in vrede kan kos soek en warm



slaap in 'n gaatjie of 'n bossie.”

Nadat Erasmus Seemeeu vir Gerhard Muis teruggeneem het veld toe, het hy nooit weer gekla oor hoe moeilik die lewe is nie. Vir hom was dit nou lekker om te soek na kossies in die veld, en dit was baie ontspannend om saans warm te slaap. Dit was nooit weer nodig om met vakansie te gaan nie, want, sê hy, “Ek is eintlik elke dag 'n muis met vakansie!”

Begripstoets

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek. Moenie vergeet om volsinne te gebruik nie!

1. Wie is Erasmus? (1)
2. Hoe het Gerhard Muis by die see gekom? (1)
3. Noem twee redes hoekom Gerhard Muis besluit het dat hy 'n vakansie nodig het. (2)
4. Watter drie dinge het Gerhard Muis se maag laat draai? (3)
5. Noem twee dinge wat Gerhard Muis gewoonlik eet? (2)
6. Hoekom kon Gerhard Muis nie lekker op die rotste slaap nie? Noem twee redes. (2)
7. Waarin slaap Gerhard Muis gewoonlik? Noem twee plekke.



Antwoorde

1. Erasmus is die seemeeu wat Gerhard Muis op vakansie geneem het.
2. Hy het op Erasmus se rug gevlieg.
3. Gerhard was moeg om te sukkel om kos en slaapplek te soek.
4. Die vrot aas, dooie visderms, en grillerige slakkies wat die seevoëls so graag eet, het Gerhard Muis se maag laat draai.
5. Hy eet gewoonlik saadjies en grashalmpies.
6. Die rotse was hard en koud en die wind het hom amper van die rotse afgewaai.
7. Gerhard Muis slaap gewoonlik in gaatjies of bossies.